

Sing vooraf staande: Psalm 25:8

-8-

*O my God, ontferm U oor my / in my diepe ongeluk;
eensaam is ek - o verhoor my! - / gans ellendig en in druk.
Om my heen, aan alle kant, / is die skrik van duisend dode;
laat dan, HEER, u regterhand / my verlos uit al my node.*

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur
die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:1, 9.

-1-

*Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange - stem van sterk verlange / om die HEER te dank -
by die smeltend-skone harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!*

9-

*Die oorlogspersd kan nie behou nie, / hoe hy ook aanstorm met geweld;
hy red nie met sy ysterklou nie / wat grimmig neerdreun op die veld.
Maar die HEER se oë / straal met mededoë / op wie, klein van krag,
voor Hom stilverslae / in hul donker dae / op sy goedheid wag.*

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet sing ons Psalm 40:4

Wet

Psalm 40:4

4-

*Net om u wil te doen soos in u Boek / * die wonderskrif wat nooit vergaan -
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande -
al wat ek is en het; / diep in my ingewand
waar liefde-en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.*

Gebed

Skrifberyming 31:1, 2.

-1-

*Net soos 'n rots, gesterk, gestewig / teen storm en ongety,
is U, o HEER, vir my. / Maak my tog nie beskaamd vir ewig.
Bevry my, hoor my bede / na u geregtighede.*

-2-

O neig u oor en red 'n lyder, / wees my by stormgerug

*'n rots om in te vlug! / Wees my 'n vesting, o bevryder,
wat op 'n berg verhewe, / my veiligheid kan gewe!*

Skriflesing: Openbaring 6

Teks: Openbaring 6:2

En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. en hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het as oorwinnaar uitgegaan om te oorwin.

Die eerste vier seëls word oopgemaak en vier perde se hoefslae begin dreun oor die aarde.

- Die kleur van elke perd en die werk van sy ruiters kondig 'n ander fase van die eindgeskiedenis aan.
- Met elke perd wat in sy vaart wegspring om deur die tyd te hardloop, openbaar die Here sy triomf oor die magte van die hel soos wat hulle gevestig geraak het in die wêreld en sy geskiedenis.
- Die Here doen dit deur oorwinning en oorloë en rampe wat deur verskillende kleure perde voorgestel word, net soos in die naggesigte van die profeet Sagaria (Sag. 1: 8 - 17; 6: 1 - 8; Sag. 1: 10v.).

Daar is egter 'n verskil tussen die gesigte wat Sagaria van die perde sien, en dit wat die Here hier aan Johannes openbaar. In Sagaria word eers gewys op die stryd waarna daar die oorwinning kom. Openbaring 6 wys eerste op die oorwinning, en daarna na die middele waardeur en die weg waarlangs die Evangelie sy oorwinning behaal het.

Kom ons kyk saam na ons geskiedenis, soos wat die Here dit hier beskryf.

- 1. Die wit perd**
- 2. Die rooi perd**
- 3. Die swart perd**
- 4. Die vaal perd**
- 5. Ons volg die Ruiters op die wit perd**

1. Die wit perd

Die Lam het nou die boekrol ontvang.

- Dit is nie maar net 'n oorhandigingsproses sodat Hy dit vir Homself kan hê nie.
- Ook nie net om dit voor te lees nie.

God se raadsbeluete moet uitgevoer word. **Die Lam ontvang die boekrol sodat Hy die inhoud daarvan moet laat gebeur.**

Daarom sien ons hoe Hy die boekrol neem en die eerste seël oopmaak.

Intussen het die vier lewende wesens maar daar by die troon gestaan.

- Eers het hulle saam met die ouderlinge en die engele en die hele skepping God geloof en prys.
- Nou sien ons dat hulle deelneem aan die oopmaak van die seëls.

Die vraag kom by mens op: wie is hierdie vier lewende wesens?

- Die vier lewende wesens is die verteenwoordigers van alles wat in die skepping lewe.
- Die getal vier is 'n simboliese getal van die aarde - dink maar aan die vier windstreke wat hierby aansluit.

Dit is waarom die Here hulle ook hier gebruik om die eerste vier seëls in vervulling te laat gaan.

- Elke keer wanneer daar een van die eerste vier seëls oopgemaak word, dan roep hulle om die beurt: Gaan uit!
- Die uitroep is nie net 'n **bevel** nie, dit is ook 'n **gebed** van die aarde dat die Here se verlossingsraad in vervulling moet gaan.
- Die feit dat hulle stemme klink soos die geluid van donderslae, is om daarmee te sê dat jy die stem van alles en almal op die wêreld daarin moet hoor.

Die eerste lewende wese roep: Gaan! (of: Gaan uit!). Die bedoeling is nie dat Johannes moet kom kyk wat in die boek staan nie.

- Dit is meer waarskynlik dat die lewende gees vir die wit perd en sy ruiter die bevel gee dat hulle moet gaan en hulle ding doen.
- Dit is 'n uitroep dat die raad van God vervul moet word.

Let ook daarop dat Johannes elke keer eers die perd en sy ruiter sien nadat hierdie bevel gegee is.

U moet ook onthou dat die perd 'n bepaalde betekenis het in die Bybel - dieselfde as in die Ou Testament.

- Die perd is die simbool van oorlog.
- In Sagaria se naggestigte het hulle teen die teuels gerem om met hulle strydwaens oor die aarde te hardloop wanneer hulle losgelaat word.

Die kleure van die perde toon ook die aard van die werk aan wat hulle ruiters uitvoer.

- Die eerste perd is wit.
- Wit is die kleur van oorwinning (19:11).

Aan hierdie ruiter word 'n krans gegee: **'n oorwinningskrans.**

- Dit is by voorbaat al die **teken van sy oorwinning.**
- Hy het in 'n sekere sin al oorwin nog voordat hy op sy perd weggery het in die wêreldgeskiedenis in.
- Daarom word hy by sy vertrek al as **die oorwinnaar gekroon.**

Die openbaring van God lê dus in hierdie gebeurtenis so sterk as moontlik die **klem op die oorwinning.**

Maar daar lê ook nog dit in dat God se beskikking hierin geopenbaar word. **God se bepaling is die oorwinning.**

Die ruiter dra 'n boog. Hy gaan dus om die wat in sy gesigsveld kom, te tref.

- Die ruiter se wapen is die evangelie van verlossing in Jesus Christus, wat oor die aarde gaan om in mense in te dring en hulle te oorwin vir Jesus Christus.

- Al is die oorwinning behaal deur 'n oorlogswaapen, word die behoud van die gelowige juis hierin geopenbaar.

2. Die rooi perd

Wat sou mens verwag na die oorwinning van die Here Jesus? Miskien glorie? Nee! Die tweede seël word oopgemaak.

Die tweede lewende wese roep: Kom! of: Gaan uit!

Na hierdie bevel verskyn daar weer 'n ruiter op 'n perd.

- Dit is die eerste agterryer van die oorwinningsruiter en sy perd.
- Hierdie rooi ruiter gaan om **dood te maak en om alle vrede te versteur**.

Hierdie perd en sy ruiter is **bestem vir oorlog en bloedvergieting**.

- Hy moet **alle vrede op die aarde wegneem**.
- Hierdie ruiter dra 'n swaard. **Daar moet geweld losbreek**. Mense moet mekaar doodmaak.
- Die Here gee dus nie op hierdie aarde vrede na Jesus Christus se oorwinning oor die dood nie.

Hierdie gesig teken iets van die kerkgeskiedenis, veral soos wat ons dit in die Bybel self geopenbaar vind. In die Ou Testament was die kerkvolk altyd in onderlinge twis.

- Daar was altyd verdeeldheid en dwarstrekery, wat dikwels op oorlog en dood van baie mense uitgeloop het, dink maar net aan die geskiedenis in die tyd van Dawid, en die opstand van Absalom.
- Vroeër het ons die voorbeeld van Korag, Datan en Abiram, met die opstande en dood wat daarmee gepaard gegaan het.
- Dink aan die spanning wat in die tyd van die apostel Paulus deur die apostel Petrus veroorsaak is in die kerke van Galasië.

Die kerk van die Here het dus nog altyd vanweë die sonde van sy lede die element van haat met hom saamgedra.

Die saak is darem dat die oorlog en die uitmoordery onder mekaar hier by die rooi perd nie net betrekking het op wat in die kerk gebeur nie, want die hele wêreld en elke mens daarop is hier betrokke.

- **Al die oorloë en bloedvergieting is voorlopers wat saam opbou na die groot geveg van die einde: die slag van Armageddon.**
- Daarom kan ons die hoefslae van hierdie woeste perd vandag oor ons aarde sien.

Daar is bitter min plekke waar daar nie terroriste is wat oraloor bomme stel en mense doodmaak nie.

- Dink maar net aan al die mense wat in ons land doodgemaak word.
- Daar is reg oor die wêreld pogings om staatsgrepe uit te voer.
- Burgeroorlog is in ons huidige wêreldgeskiedenis glad nie iets skaars nie.

Mens moet by hierdie perd en sy verskyning onthou dat die apostel Petrus skryf dat die Satan nou op die aarde neergegooi is en hier soos 'n brullende leeu rondgaan om alles te verskeur wat in sy pad kom.

- Daarom sê die Here Jesus self dat Hy nie gekom het om vrede te bring nie, maar verdeeldheid - vyandskap.
- Die onvrede en die oorlog wat deur die rooi perd en sy ruiter aangestig word, is dus die gevolg van die oorwinning van Jesus Christus.

Waarom is die tweede perd 'n oorlogsperd? Is dit nie so dat daar na die oorwinning juis vrede en stabiliteit moet intree nie?

- Die antwoord is dat daar na die oorwinning van Jesus 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde kom. Daar is rus en vrede en glorie.
- **Maar hierdie tweede perd hardloop nie oor die vlaktes van die nuwe aarde nie. Hierdie perd hardloop deur die geskiedenis van die aarde.**

Hierdie oorlogsperd en sy ruiter maak die toestand vir die koms van die Here op die wolke gereed.

- Hy maak dit duidelik dat daar op hierdie aarde geen volmaakte vrede en rus is nie.
- Die oorwinning van die Here Jesus Christus het die Satan op die aarde neergewerp en hier gaan hy tekere soos 'n brullende leeu en verwoes alles wat in sy pad kom.

Die Satan gaan vir laas probeer verwoes wat hy kan, en daarom is daar soveel geweld.

- Sy geweld is ook nie net gerig teen die kerk alleen nie - in sy angs veg hy homself ook stukkend: almal het onvrede met mekaar, vergelyk maar Matteus 10:36vv. waar staan dat tot jou huisgenote jou vyande sal wees.

3. Die swart perd

Die oorwinning van die Here Jesus Christus oor al die magte van die hel en die wêreld kom in nog 'n ander faset van die wêreldgeskiedenis na vore:

*Nadat die derde seël oopgemaak is, kom daar 'n **swart perd** met sy ruiter na vore.*

- Hy is die tweede agterryer.
- Swart is die kleur van **honger en kommer**.
- Dit is die kleur van die **dood en van rou**.
- Hierdie perd en sy ruiter sit die **ellendes** wat deur die rooi perd bewerk word, voort.

Hierdie perd se ruiter dra 'n skaal - 'n skaal wat benoudheid en angs oor die mense uitweeg.

- Hy weeg rampe uit.
- Die duidelikste van al die rampe is dat hy prysbeheer toepas wat geweldige en skrikwekkende gevolge het.
- Kos word skaars. Nie omdat daar nie kos is nie, maar omdat dit te duur is vir sommiges om te betaal.

Die prys is een skeppie koring vir 'n penning.

- 'n Penning was die prys wat 'n dagloner ontvang het aan die einde van die dag.
- Dit is is dus baie maklik om dit oor te dra op ons valuta van vandag: Dit is een dag se salaris.

Een skeppie koring was net genoeg vir een brood.

- Jy sal dus met een dag se salaris net een brood kan koop.
- Daar is nie geld vir klere nie, en ook nie vir losies nie, en ook nie eers kos vir meer as een mens nie.
- Daarom gaan so vele van die honger sterf.

Jy sal ook drie skeppies gars kan koop vir jou dag se geld.

- Dit teken die verskrikking en die ellendes waarin mense gaan verval.
- Gars was dierevoer, en die heel armste mense het wel van gars brood gebak - en dan het jy drie skeppies gars nodig vir een so 'n brood.
- Die nood en hongersnood gaan onberekenbaar wees.

Die skaal van die ruiter op die swart perd meet baie onregverdig, want almal ly nie honger nie.

- Daar is rykes wat die geldmag van die wêreld sal hanteer. Daarom staan daar geskryf dat die olie en die wyn nie beskadig mag word nie.
- Die rykes sal in hulle oorvloed lewe.
- Hierdie skaal weeg twee uiterstes uit: oorvloed na die een kant toe en hongersnood na die ander kant toe - Alles of niks.

Ons hoor hierdie perd se pote klap deur ons geskiedenis. Ons maak almal die gevolg van sy ruiter se werk aan ons lywe deur.

- Wie weet nie van inflasie en devaluasie van ons geld nie.
- Wie het nog nie van stygende pryse en lewenskoste gehoor nie? Elke mens ervaar dit dat hy elke paar maande minder kan koop.
- Baie mense verloor hulle huise omdat hulle nie meer die huur kan betaal nie.
- Lewensstandaarde val.

Die hele skepping is betrokke by hierdie saak, want daarom word hierdie gedeelte afgesluit met die verwysing dat daar 'n stem tussen die vier lewende wesens ontstaan wat die aankondiging maak van die pryse van die koring en gars. Die vier lewende wesens is juis die simbole van die aarde met alle lewe daarop.

4. Die vaal perd

Saam met die rooi en swart perde dreun nog 'n perd se hoefslae wat die oorwinning van Jesus Christus proklameer. **Die derde agterryer is die vaal perd en sy ruiter.**

- Hulle sleep die **dood en die doderyk** met hulle saam.
- Hulle doen nie veel anders as die rooi en die swart perd nie, want hulle maak ook **dood met die swaard** - soos die rooi perd en sy ruiter.
- Verder veroorsaak die vaal perd en sy ruiter **ook hongersnood** - soos die swart perd en sy ruiter.

Hulle dra dus die geweld van oorlog en om te sterf van honger nog 'n slag verder.

- Maar daar is tog ook iets nuuts by, wat die verskrikking groter maak. **Daar kom pessiëktes by.**
- Saam met hulle die **geweld van roofdiere** op die aarde wat toeslaan op die mense.
- Hierdie perd en sy ruiter **trek die donker kombes van die dood** oor die aarde toe.
- **Hulle proklameer duidelik dat alles verby is.**

Teen die oorwinning van die Here Jesus Christus kon niemand en geen mag bly staan nie. Die Here Jesus het alle magte verslaan en sy oordeel voltrek.

5. Ons volg die Ruiter op die wit perd

Ons lewe in die tyd wanneer hierdie perde se hoefslae deur ons geskiedenis dreun. Ons belewe inderdaad vier gebeurtenisse saam – wat ons nie van mekaar kan skei nie, al kan ons hulle onderskei.

- Die wit perd preek die kruisiging, opstanding, hemelvaart van die Here Jesus Christus en die uitstorting van die Heilige Gees.
- Al hierdie dinge is die Here Jesus se oorwinning. Jesus is die ewiglewende God en Koning: Die Almagtige wat oorwin het, en wat nou sy koninkryk vestig en gereedmaak vir sy wederkoms.
- Die kruis van Golgota is verby. Die oorwinning oor die dood is verby. Christus se hemelvaart en sy plekneming as die Ewigregerende is al verby. Die uitstorting van die Heilige Gees is verby.
- Daarmee is ons op twee maniere betrokke by die oorwinning van Jesus Christus.
 - Eerste is ons gewen vir Jesus Christus en sy koninkryk deur die soenbloed van Jesus.
 - Die Heilige Gees het die kennis en versekering van hierdie verlossing in ons hart en verstand gewerk – trouens Hy doen dit nog daagliks.
 - Dit is die een deel van die betekenis van sy uitstorting oor die kerk.
- Maar daarby is die tweede saak: Ons is nou deel van die oowinningsleër.
 - Veg u saam teen die duiwel? Val u voor en onder die voete van die rooi en die swart en die vaal perde, of ry ons as oorwinnaars saam in die leërmag op wit perde oor die sonde heen.
 - Dryf die Heilige Gees ons ook om so te lewe dat die koninkryk van God ook in ons gehoorsaamheid en aanbidding na vore kom? Is ons deel van die stryd vir die Koning van die eeue?
 - Hoor u die bevel van God se Gees dat u die Oorwinnaar op die wit perd op sy spore volg?

U moet sien hoe groot die genade in hierdie openbaring is: Die rooi, swart en die vaal perd is almal agterryers van die wit perd.

Johannes sien die wit perd later weer. Ons lees daarvan in Openbaring 19:11:

Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone;

en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. (Openbaring 19:11-14 AFR53)

Let u op dat die perd en sy Ruiter nie meer alleen is nie.

- Die Ruiter van hierdie perd voer nog steeds oorlog en oefen nog steeds oordeel uit.
- In daardie stadium is Hy nie meer alleen nie, want die leërs in die hemel ry almal op wit perde agter Hom aan.
- Soos wat Hy oorlog voer en oorwin, so groei sy leërmag van verlostes aan.

Die enigste mag is in die hande van Hom wat op die wit perd ry.

- Hy is die Oorwinnaar wat oor die geskiedenis regeer.
- Hy regeer ook in en oor die kerk.
- Hy regeer u ook met sy Gees en met sy Woord.

Kyk, luister en volg met die haas en ywer van 'n verlose.

Amen

Slotgebed

Slotpsalm 147:4.

-4-

*Gods sterkte is nie soos mensemag / wat heil van oorlogspelde wag,
of van die bene, sterk gebou, / waarop die krygsman vas vertrou.
Maar hul alleen kan Hom behaag / wat needrig na sy sterkte vraag,
en, hoe dit ook mag teëloop, / Hom vrees en op sy goedheid hoop.*

Geloofsbelydenis Broeder Eric Clack

Psalm 134:4

-4-

*Laat, HEER, u seën op hom daal, / u guns uit Sion hul bestraal!
U wat beveel en - dit geskied, / wil, HEER, u seen oor hul gebied!*

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 14 Oktober 2012